GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2024

NASIENRIGLYNE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL (VRAESTEL 2) (10022)

24 bladsye

NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.

2. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

3. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

4. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

5. By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.

6. As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

7. By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

8. By vrae wat ’n eie opinie vereis en vrae waar ’n verduideliking vereis word: indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit nie korrek nie, mits die KORREKTE woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die KORREKTE antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. By ’n vraag waar enige GEBEURE in die KORREKTE VOLGORDE gerangskik moet word, verdien die kandidaat EEN punt per KORREKTE antwoord mits dit op die KORREKTE plek staan.

12. Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

VRAAG		ANTWOORD	Punt	Vlak
2.1	2.1.1	15/vyftien/vyftiende	(1)	1
	2.1.2	Botter	(1)	1
	2.1.3	Sharon	(1)	1
	2.1.4	• Alterego/alterego • verbeeldingsmaat *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
2.2		• D • Mana het aangekondig dat Yann en Amos se ma kom kuier. • D Mana het aangekondig dat Yann en Amos se ma kom kuier. *(Enige EEN)*	(1)	2
2.3		• Daar was ’n modeskou in Kaapstad en hy kon langer bly. • Hy het van die Kaap af gery. • Hy was uit Parys vir ’n modeskou hier in die land. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
2.4		• Sy trek nie modieus aan nie. • Haar hare is nie gekleur nie. • Sy het nie lyfjuwele of enige ander juwele gedra nie. • Sy het nie grimering gedra nie. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
2.5	2.5.1	Stiefbroers	(1)	3
	2.5.2	Hulle was Hanna se stiefpa, Beyers, (en Margot) se seuns. *(2.5.1 en 2.5.2 is interafhanklik. 2.5.1 moet korrek wees om punte by 2.5.2 te verdien)*	(1)	3
2.6	2.6.1	• D • Sharon • D Sharon *(Enige EEN)*	(1)	1

2.6.2
- C
- Beyers
- C Beyers

(Enige EEN) (1) 1

2.6.3
- A
- Yann
- A Yann

(Enige EEN) (1) 1

2.6.4
- E
- Gavin
- E Gavin

(Enige EEN) (1) 1

2.7 Ja.
- Hy het haar lanklaas gesien en mis haar baie.

OF

Nee.
- Hy spot met Amos wat so bekommerd is oor die reën (dat sy gaan vassit/dat haar hare gaan nat word.)

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

2.8
- Margot het in die stormweer op die berg aangekom.
- Margot het Hanna mooi laat lyk op haar verjaarsdag.
- Margot het die leiding geneem met die baba se geboorte.
- Margot het vir Yann en Amos belowe dat sy gou weer sou kom kuier. (4) 3

2.9 2.9.1
- Sy was nie seker wat hulle gaan doen nie.
- Sy is nie baie gelukkig met Sharon se gedrag nie.
- Sy hou nie van wat hulle gaan doen nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

2.9.2
- Die blonde koningin
- Margot
- Yann se ma

(Enige EEN) (1) 2

2.10
- D
- Sy dra nooit grimering nie en nou is sy gegrimeer.
- D Sy dra nooit grimering nie en nou is sy gegrimeer.

(Enige EEN) (1) 3

2.11 Hanna
- hou glad nie van grimering nie.
- wil nie grimering dra nie.
- dra nooit grimering nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

2.12	2.12.1	Vergelyking	(1)	3
	2.12.2	Die vergelyking dui daarop dat Hanna • nie soos alle tieners is nie. • uniek is. • baie mooi is. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
2.13	2.13.1	• Dat Hanna nie soos alle tieners is nie. • Sy is uniek. • Sy is baie mooi. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
	2.13.2	Ja. • Sy leef in haar eie verbeeldingswêreld. • Sy is nie so mooi soos alle tieners nie. • Sy is mooi, maar dink nie self sy is mooi nie. OF Nee. • Hanna is ’n tipiese tiener. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
2.14		• Lewer/ganslewer • Wyn • Kaas/Bloukaas *(Enige EEN)*	(1)	2
2.15	2.15.1	Yann • was verantwoordelik vir die musiek. • sing saam met Sharon (as hillbillies). *(Enige EEN)*	(1)	2
	2.15.2	Hulle het ’n tango gedans	(1)	1
2.16		Ek het geleer dat … • verskillende mense mekaar beter kan leer ken as hulle op een plek saam is. • dit goed is om net jouself te wees. • familietyd belangrik is. • almal se behoeftes in ag geneem moet word. • mense in ’n krisis moet saamstaan. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	5
2.17		• Sy kom uit ’n huis waar alles net die beste is, maar sy geniet die eenvoud van die huis op die berg. • Dit is vir haar lekker om so baie mense om haar te hê. • Sy is verlief op Yann. • Dit bring herinneringe van Sharon se ouma terug. *(Enige TWEE of soortgelyk)*	(2)	3

2.18	2.18.1	Ditjie/die baba	(1)	1
	2.18.2	• Dit was nog nie haar tyd om gebore te word nie. • Hulle was op die berg vasgekeer sonder mediese hulp. *(Enige EEN)*	(1)	2
2.19		Engelse rose is … • mooi. • pragtig. • beeldskoon. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
			[35]	

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
Vraag 2: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom				
9	5	14	6	1
14		14	7	
40%		40%	20%	

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

VRAAG		**ANTWOORD**	**PUNT**	**VLAK**
4.1	4.1.1	regte	(1)	2
	4.1.2	Miemie (Spies)	(1)	2
	4.1.3	Hein (Venter)	(1)	2
	4.1.4	tweeling	(1)	2
4.2		• Coffee shop • Koffiewinkel • Malie's ~~Tea~~ Garden • Malie se Tuin *(Enige EEN)*	(1)	1

4.3	4.3.1	• Lien het vir mense die verkeerde afslag gegee. • Lien het die pensioenafslag vir mense gegee wat dit nie moes kry nie. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	2
	4.3.2	Ja. • As ’n mens foute maak, moet jy aangespreek word daaroor. Dit is hoe ’n mens leer. OF Nee. • Dit was Lien se eerste dag by die werk, Malie moes verstaan het dat sy nog moet leer. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	5
4.4		(Hoërskool) Jakaranda	(1)	1
4.5	4.5.1	• Dit verwys na die tekorte in hulle huis. • Dit verwys na dinge wat hulle nie het nie en wat gekoop moet word. • Dit verwys na kos en ander benodigdhede in hulle huis. • Lien praat van kos wat sy wil koop. • Lien wil sekere behoeftes in die huis aanvul. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
	4.5.2	Lien verwys na noodsaaklikhede (vir die huis) wat gekoop moet word. *(Of soortgelyk)*	(1)	3
4.6		• Wouter het nie dat sy ma hom kom haal by die skool nie, hy stap met sy swaar krieketsak omdat hy vir Lien by die koffiewinkel wou sien/ondersteun. • Wouter se ma gaan laai hom gewoonlik op, maar dié dag was hy bereid om te stap sodat hy vir Lien kon ondersteun. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	2
4.7		• A • sy kwaad was oor alles wat gebeur het, wat gelei het tot ’n nuwe skool vir haar en Braam. • A sy kwaad was oor alles wat gebeur het, wat gelei het tot ’n nuwe skool vir haar en Braam. *(Enige EEN)*	(1)	3
4.8		Wouter se pa en ma is geskei, Lien se pa is in die tronk. *(Of soortgelyk. Albei kante moet genoem word)*	(2)	1

4.9	4.9.1	Lien se ma is ’n alkoholis/drink te veel.	(1)	1
	4.9.2	Ja. • Lien kon by die skool of die kerk gevra het vir hulp. • Sy is ’n kind en moet op haar skoolwerk konsentreer. OF Nee. • Lien is te trots. Sy wou nie hê mense moet weet wat in hulle huis gebeur nie. • Sy sien hulle gesin as haar verantwoordelikheid (en sy wil die regte ding doen.) *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	5
4.10		• Lien wil reis. • Lien wil spaar en wegkom van die huis af. • Lien het haar eie drome wat sy wil vervul. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	1
4.11		• Christien word gearresteer vir winkeldiefstal. • Lien se ma word weer by ’n sentrum ingeboek vir behandeling. • Lien en Braam moet by oom Frank en tannie Poppie gaan bly. • Lien beraam planne om gedurende skooltyd te gaan bedel.	(4)	3
4.12		• Sy het gesorg dat Lien en haar broer altyd kos het/versorg is. • Tannie Bets het hulle ondersteun waar sy kon. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
4.13		• Lien se ma het altyd klavier gespeel, maar opgehou omdat sy so baie gedrink het. Aan die einde van die roman speel Lien se ma op die klavier na Lien se vertoning en Lien is vol hoop dat haar ma dié keer werklik terug is. • Na Lien se ma/Christien se tyd in die rehabilitasiesentrum het sy nie juis selfvertoue gehad nie. Nadat sy die aand op die klavier by die skool gespeel het, het Lien hoop gehad dat dinge beter sou wees. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4

4.14	4.14.1	• C/E • Roos se dogter/Sproet • C Roos se dogter/E Sproet *(Enige EEN)*	(1)	3
	4.14.2	• A • Tibbey • A Tibbey *(Enige EEN)*	(1)	3
	4.14.3	• D • Kuifie • D Kuifie *(Enige EEN)*	(1)	3
	4.14.4	• B • Roos • B Roos *(Enige EEN)*	(1)	3
4.15	4.15.1	vir altyd verander	(1)	3
	4.15.2	• Ons leer aan die einde van die roman dat Lien drama studeer en nie regte nie. • Lien het haar loopbaankeuses verander nadat sy die rol van Maria vertolk het. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
4.16		Letterlik/Denotatief verwys die titel na die skoene wat Lien spesiaal gekoop het om in te bedel en sy het beplan om lank te staan sodat sy genoeg geld kon maak en alles kon bereik wat sy wou bereik. *(Of soortgelyk)*	(1)	3
4.17		• Aan die begin wou Lien ’n toekoms in die regte gehad het en ook baie getoer het. • Later wil sy drama gaan studeer. *(Of soortgelyk. Albei kante moet genoem word)*	(2)	3
4.18		• C • hoogtepunt • C hoogtepunt *(Enige EEN)*	(1)	3

4.19	4.19.1	Elisie	(1)	3
	4.19.2	• Lien kan hoor dat tannie Bets omgekrap is en sy praat vinnig om te kan hoor wat fout is. • Lien is jonk en jongmense praat so. *(Enige EEN of soortgelyk. 4.19.1 en 4.19.2 is interafhanklik. 4.19.1 moet korrek wees om motivering te regverdig.)*	(1)	5
			[35]	

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
Vraag 4: Lien se Lankstaanskoene				
5	9	14	4	3
14		14	7	
40%		40%	20%	

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze
HIERDIE DRAMA WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

VRAAG	**ANTWOORD**		**PUNT**	**VLAK**
6.1	6.1.1	Karoo	(1)	1
	6.1.2	McDonald	(1)	1
	6.1.3	nar/hanswors	(1)	1
	6.1.4	duiwelskuns/toordery/towerkuns	(1)	1
6.2	• Dominee • Kerk • Die Bybel *(Enige EEN of soortgelyk)*		(1)	3
6.3	• Kortsigtigheid • Skynheiligheid • Geveinsdheid • Huigelagtigheid • Onkundigheid • Insigloosheid • Bevooroordeeld *(Enige EEN of soortgelyk)*		(1)	3

6.4
- D
- Hy was van stryk af en het gevra dat hulle hom verwyder.
- D Hy was van stryk af en het gevra dat hulle hom verwyder.

(Enige EEN) (1) 3

6.5 6.5.1 gang van sy preek (1) 3

6.5.2 Daar was nog nooit voorheen so ’n insident in die kerk (om ’n nar te verwyder) nie. Dit het die dominee heeltemal ontstig/ontstel/ontsenu.
(Of soortgelyk. 6.5.1 en 6.5.2 se antwoorde is interafhanklik. 6.5.1 moet korrek wees om die motivering te regverdig.) (1) 3

6.6 Die dominee predik God se woord dat almal verlos/vergewe kan word, MAAR die dominee kan nie die nar in sy kerk verdra nie.
(Of soortgelyk. Albei kante moet genoem word vir 2 punte) (2) 4

6.7 Die gemeentelede ...
- was verbaas, want hulle het nog nooit ’n nar in die kerk gesien nie.
- wou sien waarna/na wie die dominee staar.
- wou sien waarom die dominee van sy woorde beroof is.
- het moontlik gewonder of ’n nar ’n christen/kerkganger kan wees.
- was nuuskierig.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

6.8 6.8.1
- D
- Jan Mol
- D Jan Mol

(Enige EEN) (1) 1

6.8.2
- C
- Ouderling Bothma
- C Ouderling Bothma

(Enige EEN) (1) 1

6.8.3
- A
- Emma
- A Emma

(Enige EEN) (1) 1

6.8.4
- E
- Katrien
- E Katrien

(Enige EEN) (1) 1

6.9	6.9.1	• Daar was nog nooit voorheen so ’n insident in die kerk (om ’n nar te verwyder) nie. • Broer Bothma weet nie hoe om die situasie te hanteer nie. • Gewoonlik is kerkdeure oop om almal te verwelkom, nie om iemand te verwyder nie. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
	6.9.2	Die mans (in die kerk) jaag hom met hulle bakkies en gewere en skiet op hom ná hierdie voorval. *(Of soortgelyk)*	(1)	3
6.10		• Daar is ’n wond onderkant Manuel se sleutelbeen en een in sy handpalm. • Katrien was die wond met nat watte en hy vat en gee aan. • Manuel lyk of hy in ’n toestand van skok is. • Hendrik sê dit lyk of dit eenkant in is en anderkant uit.	(4)	3
6.11		Ja. • Hendrik is agterdogtig en vyandig teenoor buite-invloede op sy gesin. Willem wou Manuel beskerm teen Hendrik. • Hendrik het ’n konserwatiewe uitkyk op die lewe en sou dus nie vir Manuel as vriend van Willem aanvaar het nie. • Willem kom agter dat Manuel “anders” is en dat die gemeenskap hom nie kan aanvaar nie – hy wil hom dus beskerm. *(Enige TWEE of soortgelyke antwoorde. Nee is nie ’n opsie nie.)*	(2)	4
6.12	6.12.1	Ontwikkeling	(1)	2
	6.12.2	Hendrik groei van ’n eng, stagnante karakter (wat die gevaar sien in iemand wat nie soos hy dink nie) na ’n karakter wat belangstelling toon in Manuel (wat buite die raamwerk van die konserwatiewe val.) *(Of soortgelyk. 6.12.1 en 6.12.2 se antwoorde is interafhanklik. 6.12.1 moet korrek wees om die motivering te regverdig.)*	(1)	3
	6.12.3	• Die nar knoop ’n sakdoek om ’n muntstuk, trek die sakdoek deur sy los hand en die muntstuk is weg. • Die nar gooi ’n paar gekleurde balle in die lug en begin dit in die lug vang, twee, dan drie, vier en later ses. *(Of soortgelyk)*	(2)	1
6.13		Die geparkeerde voertuie dui aggressie teenoor die McDonalds aan in kontras met die vrede wat in die McDonalds se huis heers. *(Of soortgelyk. Albei kante moet genoem word vir 1 punt.)*	(1)	3

6.14	Personifikasie	(1)	2
6.15	• kwaad • ongelukkig • woedend *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
6.16	• A • Manuel nie ongemaklik wil laat voel nie. • A Manuel nie ongemaklik wil laat voel nie. *(Enige EEN)*	(1)	2
6.17	Jou lewenswaarde(s) moet verband hou met die aanvaarding van mense wat anders as jy is. *(Of soortgelyk)*	(1)	5
6.18	te laat vrede maak met/te verlos van (Enige EEN)	(1)	2
6.19	• Hendrik probeer die verhouding met sy gesinslede verbeter. • Hendrik groei as karakter om sy seun se vriend Manuel te akkommodeer. • Hendrik beskerm sy gesin teen die gemeenskap se vyandigheid. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
		[35]	

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
Vraag 6: Paljas				
10	4	14	6	1
14		14	7	
40%		40%	20%	

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA

VRAAG		**ANTWOORD**	**PUNT**	**VLAK**
7.1	7.1.1	Komoetie	(1)	1
	7.1.2	skuit/skuitjie/boot/bootjie	(1)	1
	7.1.3	Ma/ma	(1)	1
	7.1.4	drie/3	(1)	1

7.2 "hanskind"

- Benjamin was nie regtig Fiela se (biologiese) kind nie, tóg baklei sy vir hom./is sy lief vir hom/Fiela het nie aan Benjamin geboorte geskenk nie/hulle is nie bloedverwant nie.
- Fiela doen alles in haar vermoë om Benjamin gereed te kry vir die besoek aan die magistraat – al is dit nie regtig haar kind nie.
- Fiela het vir Benjamin grootgemaak soos haar eie, al was hy nie haar eie kind nie. (Sy het hom by haar agterdeur gekry.)/optelkind/grootmaakkind
- Rasseklassifikasie/die samelewing skryf voor dat 'n gekleurde vrou nie 'n wit kind kan grootmaak nie/die samelewing het kleuronderskeid getref/gestereotipeer – tóg maak Fiela vir Benjamin groot soos haar eie kind.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

7.3

- A
- gebad
- A gebad

(Enige EEN) (1) 2

7.4 7.4.1 Verbied (1) 2

7.4.2 Die sensusmanne het gesê daar is nie plek vir haar (op die ((perde-)kar) nie.Die magistraat wou slegs vir Benjamin sien./Rassisme.
(Of soortgelyk. 7.4.1 en 7.4.2 se antwoorde is interafhanklik. 7.4.1 moet korrek wees om die motivering te regverdig.) (1) 3

7.4.3 Dawid moet (dorp toe) loop/stap (om klere en skoene vir Benjamin te kry).
(Of soortgelyk) (1) 3

7.5

- Die titel van die drama is "Fiela se kind".
- Lukas kies om Fiela se kind genoem te word.
- Benjamin/Lukas noem Fiela "Ma".

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

7.6 7.6.1

- C/B
- Lukas/Benjamin
- C Lukas/B Benjamin

(Enige EEN) (1) 2

7.6.2

- A
- Fiela
- A Fiela

(Enige EEN) (1) 2

7.6.3

- D
- Barta
- D Barta

(1) 2

(Enige EEN)

7.6.4
- E
- Nina
- E Nina

(Enige EEN) (1) 2

7.7
- Volgens haar kan Fiela (’n bruin vrou), nie ’n wit kind hê nie.
- Haar ma het dadelik vir Lukas uitgeken.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 2

7.8 Fiela is die matriarg/aartsmoeder/stabiele faktor/goeie voorbeeld/ken die Here in al haar besluite/praat gereeld met die Here/gee nie maklik op nie/het ‘n sterk wil/stel haar kinders eerste/vrou wat hard werk (is fluks) om vir haar gesin te voorsien en haar kinders en man met liefde, geduld en geloof in God bymekaar hou.
(Of soortgelyk) (1) 5

7.9 Fiela het geld bymekaar gemaak om **die Laghaans se grond te koop** en op Benjamin se naam te sit sodat hy eiendom kan besit as hy terugkom.
Benjamin het aangepas by die nuwe lewe./vir 7 jaar in die Bos gebly en ‘n lewe vir homself gemaak.
(Of soortgelyk) (1) 3

7.10
- Fiela is oortuig dat ’n kind van 3 jaar oud nie vanuit die bos tot by Wolwekraal/Lange Kloof kon dwaal nie.
- (Sy glo nie Benjarmin is Lukas nie), die magistraat/bosvrou sal self sien dat Benjamin nie die verlore Lukas is nie (daarom sal hy weer terugkom sodra die saak opgeklaar is.)
- Fiela vertrou die wet/die magistraat/die owerhede.
- Die sensusmanne het ‘n belofte aan Fiela gemaak.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

7.11
- Fiela wens Pollie wil uitbreek.
- Fiela draai die vyf sjielings in ’n lap toe en pak dit in die trommel.
- Lukas bied die vyf sjielings vir Nina aan as sy vir hom die pad wys.
- Lukas gee die vyf sjielings vir Fiela terug. (4) 3

7.12
- Die sensusman/Lange sou nie dan die geleentheid gehad het om vir Barta te laat jok nie/haar te manipuleer nie/sy sou nie die verkeerde kind kon kies nie.
- Die magistraat sou agterkom dat Lukas nie die Van Rooyens se kind is nie.
- Die magistraat sou regverdig opgetree het (deur na beide Barta én Fiela se kante te luister)./albei ma’s moes daar wees toe die besluit geneem is (soos in die verhaal van Salomo).

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

7.13
- ’n Kind van 3/jong kind kon nie op sy eie stap/dwaal vanuit die (2) 3

bos tot in Lange Kloof nie.
- Dit is onwaarskynlik dat die verlore kind/Lukas/3-jarige kind oorleef het./Die verlore kind/Lukas/3-jarige kind is lankal dood.
- Die kind kon verkluim het/verhonger het of deur wilde diere gevang word.
- Die bos en Lange Kloof is ver van mekaar af/te veel berge.

(Enige TWEE of soortgelyk)

7.14 Fiela sê vir haarself om
- nederig te bly.
- laag te buk/af te buig as ’n teken van respek.
- nie die magistraat nog kwater te maak nie.
- die situasie te probeer ontlont.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 2

7.15
- C
- in haar nek gefluister.
- C in haar nek gefluister.

(Enige EEN) (1) 2

7.16
- Barta sien vir die eerste keer weer haar verlore kind, MAAR omhels hom nie.
- Barta het gedink haar kind is dood, MAAR noudat hy leef/sy hom gevind het, omhels sy hom nie/hou sy hom nie vas nie/is sy kil teenoor hom/vertel sy nie vir hom hoe bly/dankbaar sy is om hom weer terug te hê nie.
- Barta se kind was weg/so goed soos dood, MAAR noudat sy hom weer sien, praat sy nie met hom nie/verduidelik sy nie vir hom wie sy is nie/vertel sy nie vir hom hy is haar seun nie/sê sy nie vir hom sy is sy ma nie.
- Barta se kind was weg/verlore/dood, MAAR noudat sy hom gevind het, help sy nie om sy verwarring/vrees/onsekerheid in die hof te oorkom nie.
- Barta se kind was weg/verlore dood, MAAR noudat sy haar kind teruggekry het, huil sy in plaas daarvan om verheug/bly/ dankbaar/gelukkig te wees.

(Enige EEN of soortgelyk. Albei kante moet genoem word vir 2 punte) (2) 4

7.17 Fiela se krisis was dat sy magteloos was teen ...
- die owerhede van die dag/die samelewing se rassevooroordeel/ vooroordeel/rassisme.
- Dat sy baklei om te bewys dat Benjamin en Lukas nie dieselde kind is nie.

Lukas se innerlike konflik is veroorsaak deur die
- owerhede van die dag/die samelewing se rassevooroordeel/ rassisme/die magistraat wat eerder ’n wit kind by ’n arm familie plaas omdat hulle wit is as by die bruin familie waar hy gelukkig was.
- feit dat hy verlief raak op Nina wat moontlik sy suster kan wees.
- feit dat Barta gejok het.

(Of soortgelyk. Albei kante moet genoem word vir 2 punte) (2) 4

7.18	7.18.1	figuurlik	(1)	2
	7.18.2	• Die woorde om te sê/erken dat sy gejok het/nie die waarheid vertel het nie, is vir Barta moeilik om te sê. • Sy kan eenvoudig nie meer die waarheid wegsteek nie, daarom bars of skeur dit sommer net uit/dit moet uit/sy kan dit nie meer inhou nie/moet erken dat sy oneerlik was. *(Enige EEN of soortgelyk. 7.18.1 en 7.18.2 is interafhanklik. 7.18.1 moet KORREK wees om 'n punt by 7.18.2 te kry.)*	(1)	3
7.19	7.19.1	Die leser kan sien dat alle probleme oorkom kan word/dat probleme nie vir altyd voortduur nie/dat alle mense strewe na geluk en soms struikelblokke moet oorkom/almal kry soms swaar/baie mense kom uit moeilike huislike/sosiopolitieke omstandighede uit. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	5
	7.19.2	• Dit is nooit te laat om die waarheid te vertel nie. • Leuens kan onskuldige mense se lewens ingrypend verander. • Moenie jok nie/oneerlik wees nie/moenie die gereg dwarsboom nie. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	4
			[35]	

TOTAAL AFDELING B: 35

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
Vraag 7: Fiela se kind – Die drama				
4	10	14	5	2
14		14	7	
40%		40%	20%	

AFDELING C: KORTVERHALE

VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

VRAAG		ANTWOORD	PUNT	VLAK
8.1		***KRINGLOOP* – Ruto Vambo**		
8.1.1	(a)	Kerntoetse	(1)	1
	(b)	Swaartekrag	(1)	1
	(c)	skoon/helder	(1)	1
	(d)	vernietigingsdrang	(1)	1
8.1.2	(a)	Kringloop verwys na gebeure wat homself in dieselfde VOLGORDE herhaal m.a.w. dit suggereer dat die siklus van gebeure voltooi gaan word. *(Of soortgelyk)*	(1)	2
	(b)	Die gebeure wat lei tot die aanval van Mars op Aarde is die omgekeerde gebeure van wat vroeër met Mars gebeur het. *(Of soortgelyk)*	(2)	2
8.1.3		oerplaneet	(1)	3
8.1.4		Personifikasie	(1)	4
8.1.5		C Donker Eeue C Donker Eeue (Enige EEN)	(1)	3
8.1.6	(a)	• E • Klimaks • E Klimaks *(Enige EEN)*	(1)	3
	(b)	• C • Innerlike konflik • C Innerlike konflik *(Enige EEN)*	(1)	3
	(c)	• D • Uiterlike konflik • D Uiterlike konflik *(Enige EEN)*	(1)	3
	(d)	• B • Afloop en ontknoping	(1)	3

- B Afloop en ontknoping

(Enige EEN)

8.1.7 Ja.
- Dit help met energie/kragvoorsiening.

OF

Nee.
- Dit veroorsaak radiobestraling wat baie nadelig is vir die mens se gesondheid.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

8.1.8 Ja.
- Mars is al voorheen deur Aarde aangeval.

OF

Nee.
- Die Aarde is te primitief om 'n bedreiging vir Mars te wees.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

8.1.9 Ja.
- Hulle moes dit doen om hul voortbestaan te verseker.

OF

Nee.
- Die ontploffing op Mars was nie 'n aanval van die Aarde op Mars nie, maar 'n onverantwoordelike kerntoets wat 'n misverstand en vyandskap teenoor die Aarde veroorsaak het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

8.2 ***'n HULPELOSE SAMARITAAN* – T.T. Cloete**

8.2.1
- Om sy honde te laat oefen
- Vir sy eie ontspanning

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 1

8.2.2
- 'n Groot swart motor ry 'n dronk fietser raak.
- Hans ry stadig sodat sy honde agter sy motor kan hardloop.
- 'n Skaapboer eis vergoeding van Hans vir sy skape wat dood is.
- Hans lê doodstil langs die pad. (4) 2

8.2.3	(a)	onvriendelik en oneerlik	(1)	3
	(b)	Die skaapboer • is bewus daarvan dat sy vrou die man/fietser gestamp het. • het ook gelieg oor Hans se honde. • het gelieg oor die verlies van sy skape. • eis vergoeding van Hans vir die skape wat hy verloor het. *(Enige EEN of soortgelyk. 8.2.3 (a) en (b) is interafhanklik. 8.2.3 (a) moet korrek wees om motivering te regverdig.)*	(1)	3
8.2.4		• B • eerlikheid en barmhartigheid. • B eerlikheid en barmhartigheid. *(Enige EEN)*	(1)	3
8.2.5		• Die boer verwys na sy skape wat hy verloor het. • Die boer verwys na die baie geld wat hy verloor het (a.g.v. sy kampioenram wat dood is). *(Of soortgelyk)*	(2)	3
8.2.6		Hans het die volgende oggend teruggegaan na die boer om hom vir vergoeding te gaan vra. *(Of soortgelyk)*	(1)	4
8.2.7		Hy sou van sy beserings omgekom het/doodgegaan het. *(Of soortgelyk)*	(1)	3
8.2.8		Ek is jammer vir Hans, want Hans het goeie bedoelings gehad deur die ou man te help, maar dit het hom meer skade berokken omdat hy (onregverdig) dubbel daarvoor moes betaal. OF Ek het nie simpatie met Hans nie. Hy moes besef het watter skade sy honde kan doen. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	5
8.2.9		• ’n Groot swart motor • ’n Vrou met lang hare	(2)	2
8.2.10		(Hy het) gebid	(1)	3
8.2.11		Hans kon: • sy eerste instink gevolg het om die honde eers huis toe te neem en dan die man te gaan haal. • iemand geskakel het om die beseerde man hospitaal toe te neem. • iemand geskakel het om die honde te kom haal. *(Of soortgelyk. NB. Dit moet duidelik **anders** wees as*	(1)	5

wat in die verhaal gebeur het.)

8.2.12 Ja.
- Hy het ’n goeie hart en help graag sy medemens deur selfs sy opregte honde agter te laat en die ou man hospitaal toe te neem.
- Hy betaal die hospitaalonkoste vir die man se beserings.

OF

Nee.
- Hy is te naïef om sy honde agter te los.
- Hy vertrou te maklik.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
Vraag 8: Kortverhale				
5	9	14	4	3
14		14	7	
40%		40%	20%	

AFDELING D: GEDIGTE

VRAAG	**ANTWOORD**		**PUNT**	**VLAK**
9.1	***HAAR UITVAART***			
9.1.1	(a)	Progressie	(1)	3
	(b)	siek/koorsig	(1)	3
	(c)	magteloos/hulpeloos/hartseer/verdrietig/ongelukkig	(1)	3
	(d)	sterf/gaan dood	(1)	3
9.1.2	• by die spreker se huis/dogtertjie se kamer • in die ambulans/in die motor op pad hospitaal toe *(Enige EEN of soortgelyk)*		(1)	1
9.1.3	“Haar uitvaart” dui daarop dat die kind/dogtertjie dood/ oorlede is. (Daar word op versagtende wyse na die dood verwys.) *(Of soortgelyk)*		(1)	2
9.1.4	• D • haal • D haal *(Enige EEN)*		(1)	3

9.1.5	• Die gebruik van die verkleinwoorde dui daarop dat sy baie klein/jonk was. • Reël 3 sê “vuisies klein”. (Enige EEN)		(1)	1
9.1.6	(a)	akuut/akuutteken/akuutaksent	(1)	1
	(b)	Die akuutteken/skryfteken beklemtoon die woord./verwys na spesifieke voëltjies. (Of soortgelyk) (9.1.6(a) en (b) is interaktief. 9.1.6(a) moet korrek wees om ’n punt by (b) te verdien.)	(1)	2
9.1.7	(a)	emosies	(1)	2
	(b)	Die ellips dui daarop dat die pa emosioneel is, hy sukkel om sy woorde uit te kry omdat hy so hartseer oor sy kind is. (Of soortgelyk. 9.1.7 (a) en (b) se antwoorde is interafhanklik. 9.1.7(a) moet korrek wees om motivering te regverdig.)	(1)	2
9.1.8	(a)	• C • inversie • C inversie *(Enige EEN)*	(1)	3
	(b)	• B • alliterasie • B alliterasie *(Enige EEN)*	(1)	3
	(c)	• D • enjambement • D enjambement *(Enige EEN)*	(1)	3
9.1.9	• Die pa is lief vir sy kind/dogtertjie en hy wil haar graag help, MAAR hy kan niks doen nie. • Die dogtertjie is siek en as ’n ouer wil ’n mens jou kind help, MAAR hierdie pa kan nie help nie. • Die dogtertjie is in pyn en vra haar pa om haar te help, MAAR hy kan niks aan haar lyding doen nie. *(Enige EEN of soortgelyk. Albei kante moet genoem word)*		(2)	4
9.1.10	• Daar is baie ouers wat ’n kind aan die dood afstaan. • Dit is moeilik vir enige ouer om hulle kind te verloor. • Enige ouer sal magteloos voel as hulle niks vir hulle kind kan doen nie. *(Enige EEN of soortgelyk)*		(1)	5

9.2 ***SPROEIREËN* – D.J. OPPERMAN**

9.2.1
- 'n Man (want hy praat van sy nooi/meisie).
- Ek-spreker/eerstepersoonspreker

(Enige EEN) (1) 3

9.2.2 Die reuke van
- 'n nartjie
- kaneel
- anys

(3) 1

9.2.3 (a) Figuurlik (1) 3

(b) Die geur van die nartjie is sinoniem met die spreker se nooi/laat die spreker aan sy nooi/meisie/vrou/ geliefde dink.
(Of soortgelyk. 9.2.3 (a) en (b) se antwoorde is interafhanklik. 9.2.3 (a) moet korrek wees om motivering te regverdig.) (1) 3

9.2.4 Die **<u>reuksintuig</u>** speel 'n belangrike rol in hierdie gedig.
(Of soortgelyk) (1) 2

9.2.5
- **Inversie/Omgekeerde woordorde** (reël 7: beklemtoon die geur van die nartjie wat uitbreek en om sy hande versprei, reël 8: die geur om sy hande laat hom aan die nartjieboorde dink.)
- **Tipografie/struktuur/bou** (Strofe 2 bestaan uit **7 reëls**, die getal van volmaaktheid)
- **Enjambement**
- **Sinestesie**

(2) 4

9.2.6 (a) Progressie (1) 2

(b) "O" dui op die ekstase/verdere bewondering/ verwondering van die spreker/besef dat elke vrou spesiaal/uniek is..
(Of soortgelyk. 9.2.6 (a) en (b) se antwoorde is interafhanklik. 9.2.6 (a) moet korrek wees om die motivering te regverdig.) (1) 3

9.2.7
- Strofe 1 en 3 word herhaal.
- Die effek van 'n liedjie word geskep.
- Ritme word geskep.
- Die gedig begin en eindig met dieselfde refrein.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2) 3

9.2.8 Die spreker is onseker/probeer dink/probeer onthou wie die vrou is wat hom aan anys herinner.
(Of soortgelyk) (1) 2

9.2.9
- A
- die ritme vinniger te maak.
- A die ritme vinniger te maak.

(Enige EEN) (1) 2

9.2.10
- Armoede – vroue kan nie bekostig om skoon te wees en/of middele te koop wat hulle laat lekker ruik nie.
- Alle vroue het nie toegang tot skoon water/klere nie.
- Sommige vroue word mishandel.
- Alle vroue kan nie hulle klere was nie.
- Vroue is soms ook beroepsvroue/werk anders.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

9.2.11
- Dit skep ’n positiewe en opbouende beeld van vroue se rol in die samelewing.
- Vroue verdien op die manier erkenning vir hulle rol in die samelewing/gesin/werksplek.
- Negatiewe persepsies/stereotipering/vooropgestelde idees word sodoende verbreek.
- Lesers/Mans kan hulle persepsie/siening rakende vroue verander.
- Vrouens werk hard en daarom sweet hulle dikwels.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

[35]

TOTAAL AFDELING D: 35

TOTAAL: 70

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
Vraag 9: Gedigte				
6	8	14	4	3
14		14	7	
40%		40%	20%	